MEESTERBOUERS ASSOSIASIE

GROTER BOLAND

GRONDWET

Posbus/PO Box 13
WORCESTER 6849
Russellstraat 116d Russell Street
WORCESTER 6850
Tel/Fax: 023 – 342 6964
e-pos/mail: mbanb@telkomsa.net
web: www.mbanorthboland.org.za
Association registration number:

Resolusie

Op ‘n Algemene Vergadering van die Meesterbouers Assosiasie Noord Boland gehou op Maandag 6 Februarie 2012 te Russellstraat 116D, Worcester, is eenparig besluit om die naam van die assosiasie te verander na Meesterbouers Assosiasie Groter Boland en die Grondwet van die Assosiasie te vervang om te lees soos uiteengesit in die meegaande nuwe Grondwet.

……..
Sekretaris

Geteken op hierdie …….. dag van ……. te Worcester.

Posbus/PO Box 13
WORCESTER 6849
Russellstraat 116d Russell Street
WORCESTER 6850
Tel/Fax: 023 – 342 6964
e-pos/mail: mbanb@telkomsa.net
web: www.mbanorthboland.org.za
Association registration number:

SERTIFIKAAT

Ek, die ondergetekende, synde die Sekretaris van die Meesterbouers Assosiasie Groter Boland , sertifisieer hiermee dat die bepalings van die Grondwet van die Meesterbouers Assosiasie Groter Boland nagekom is met die aanvaarding van die nuwe naam en Grondwet soos besluit op ‘n algemene vergadering van die Meesterbouers Assosiasie Groter Boland.

.....

Sekretaris

Geteken op hierdie …….. dag van ……. te Worcester.

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

5. Naam
5. Omskrywing
5. Interpretasie
6. Doelstellings
8. Status van die Assosiasie
8. Lidmaatskap
12. Klagtes
12. Toetredings, Ledegelde en Heffings
13. Wangedrag van lede
15. Amspdraers
18. Uitvoerende Komitee
19. Bevoegdhede van die Uitvoerende Komitee
21. Verteenwoordiging op Bedingings- en Statutêre Rade
21. Vergaderings van die Uitvoerende Komitee
22. Algemene Vergaderings
24. Afdelingsvergaderings
25. Sekretaris
26. Bank, ondertekening van tjeks & elektroniese betalings
26. Stemming per stembriefie
28. Algemeen
29. Ontbinding
31. Verordeninge en Reëls
31. Wysiging van Verordeninge
32. Wysiging van die Grondwet

AANHANGSEL "A"

GOEDGEKEUR INGEVOLGE ARTIKEL 9(3) VAN DIE WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE 1995, op ……..

MEESTERBOUERS ASSOSIASIE GROTER BOLAND

GRONDWET

1. NAAM

Die naam van die Assosiasie is die Meesterbouers Assosiasie Groter Boland, afgekort tot MBA Groter Boland.

Die uitvoerende komitee het aanbeveel dat die huidige naam van die Assosiasie verander na MBA Groter Boland a.g.v die uitbreiding wat plaasgevind het.

Enige verwysing na die Assosiasie in die Grondwet, sal beteken MBA Groter Boland.

2. OMSKRYWING

Enige uitdrukking wat in hierdie Grondwet gebruik is, en wat omskryf word in die Wet op Arbeidsverhoudinge No 66 van 1995, sal, tensy die teendeel blyk, dieselfde betekenings hê as in die Wet.

3. INTERPRETASIE

3.1 Woorde in die enkelvoud sluit die meervoud in en woorde in die meervoud sluit die enkelvoud in.

3.2 Woorde in manlike geslag sluit die vroulike geslag in.

3.3 Alle verwysings na dae sal as werksdae beskou word. Werksdae sal beteken enige dag behalwe Saterdae, Sondae en openbare vakansie dae.

3.4 In die geval van enige dispuut met betrekking tot die Grondwet, sal slegs die Afrikaanse en jongste weergawe van die Grondwet aanvaar word as die korrekte weergawe.

3.5 Enige verwysing na “5 werksdae voor die datum van die Algemene Vergadering” sluit nie die dag van die vergadering in nie.

Dit sal beteken dat 5 volle werksdae moet verloop voor die datum van die Algemene vergadering plaasvind, met ander woorde die sperdatum sal dan eindig tesame met sluitingstyd van die Assosiasie se kantoor op

die 6de dag voor die Algemene Jaarvergadering. Die Uitvoerende Komitee sal met elke nominasie, vergadering of kennisgewing n definitiewe sperdatum en spertyd bekendmaak om verwarring onder lede te verhoed. In die geval waar n spesifieke datum en tyd bekend gemaak is, sal geen uitstel of verskonings aanvaar word nie. Dieselfde reëling sal geld vir enige ander verwysings na “3, 5, 10” of enige ander hoeveelheid dae voor ’n vergadering of enige ander byeenkoms, nominasies of kennisgewings.

3.6 Alle aangeleenthede waarop daar nie spesifiek in die Grondwet melding gemaak word nie, sal by wyse van ’n meerderheids stem op die Algemene Vergadering of indien nodig op ’n Spesiale Algemene Vergadering besluit word.

3.7 Kantoorure sal beteken die ure waartydens die Assosiasie se kantoor oop sal wees vir lede, nie lede asook publiek om kontrakte, inligting en algemene navrae by die kantoor in te win en te bespreek. Kantoorure sal van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee bepaal en aangepas word.

Tot verdere kennisgewing sal die kantoorure wees as volg:

Maandae tot Donderdae 08:30 – 16:30

Vrydae 08:30 – 15:30

4. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Assosiasie is:-

4.1 Om oor die belange van sy lede te waak, dit te bevorder en te beskerm;

4.2 Om die verhoudings tussen lede en hulle werknemers of unies te reguleer en die belange van lede met betrekking tot hulle werknemers te beskerm en te bevorder;

4.3 Om die beslegting van geskille deur versoeningsmaatreëls aan te moedig;

4.4 Om enige voorgestelde wetgewende of ander maatreëls wat die belange van lede mag raak, te bevorder, te steun of te opponeer na gelang dit gerade mag word;

4.5 Om op wettige wyse alle mense wat geskik is vir lidmaatskap te probeer oorreed om by die Assosiasie aan te sluit;

4.6 Om, indien nodig, bystand aan lede te verskaf in sake rakende die verhouding tussen lede en hul werknemers of unies;

4.7 Om met werkgewers- of werknemersorganisasies op enige Bedingings- of Statutêre Raad wat saamgestel is vir die hantering van sake wat lede raak, saam te werk;

4.8 Om, indien daartoe versoek, uitspraak te lewer in geskille tussen lede en om deur middel van die Uitvoerende Komitee, Arbiters of Skeidsregters vir die doel aan te stel;

4.9 Om met enige Federasie van Werkgewers te affilieer of by hulle aan te sluit of om andersins met enige Federasie, Vereniging, Inrigting, Plaaslike Owerheid, Vakunie of ander persoon of persone saam te werk ten einde die doelstellings van die Assosiasie en die belange van werkgewers in die Bounywerheid of Verwante Bedrywe, of persone daaraan verbonde te bevorder;

4.10 Om die voortreflikheid van die werk te bevorder deur aan alle lede alle nuwe uitvindings, verbeterde metodes en soortgelyke dinge bekend te maak en om ’n versameling van modelle, idees, ontwerpe, tekeninge en foto’s op te bou wat te alle tye tot alle lede se beskikking sal wees;

4.11 Om opleiding vir Bou- en Verwante nywerhede en die algemene opvoedkundige vordering van persone in die Nywerheid te bevorder en aan te moedig;

4.12 Om enige roerende of onroerende eiendom hetsy deur aankoop, huur of andersins, te bekom en ook om sodanige roerende of onroerende eiendom of ander bates wat aan die Assosiasie mag behoort te verkoop, verhuur, te verpand of op enige ander wyse daarmee te handel of dit van die hand te sit, of om sulke eiendom vir sodanige ander doeleindes, as wat die lede mag goedkeur, te gebruik;

4.13 Om geld te leen, te belê, uit te leen, by te dra of te skenk vir die bevordering van die doelstellings van die Assosiasie;

4.14 Om regverdige en eerbare optrede in die sakeonderhandeling tussen lede onderling en met ander persone wat in die Bou- en Verwante Nywerhede betrokke is, te bevorder;

4.15 Om sodanige ander wettige handelinge te verrig wat in die belang van die Assosiasie of sy lede blyk te wees en wat nie met die doelstellings in

hierdie klousule uiteengesit of enige ander saak waarvoor spesifiek in hierdie Grondwet voorsiening gemaak word, teenstrydig is nie; en

4.16 Om kontrakte, dokumente en inligtingstukke beskikbaar te stel of hê vir lede om hul verhouding met hulle kliënte en werknemers te beskerm en te bevorder.

5. STATUS VAN DIE ASSOSIASIE

Die Assosiasie is ’n regspersoon met ewigdurende opvolging en ingevolge die reg bevoeg om te dagvaar en gedagvaar te word. Die Assosiasie sal verder bedryf word as ’n vereniging sonder wins oogmerk.

6. LIDMAATSKAP

6.1 Werkgewers in die Bou- en Verwante Nywerhede en vervaardigers en/of handelaars soos omskryf in Aanhangsel “A” tot hierdie Grondwet, is as lede toelaatbaar.

6.1.1 Alle nuwe lede sowel as bestaande lede moet aan die Grondwet, reëls en riglyne van die Boubedingingsraad voldoen, alvorens enige lid voordele van lidmaatskap tot die Assosiasie kan benut.

6.2 Aansoeke om lidmaatskap:

6.2.1 Aansoek om lidmaatskap moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm, indien enige, by die Sekretaris gedoen word en sodanige besonderhede moet verstrek word as wat die Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd mag bepaal.

6.2.2 Aansoekers om lidmaatskap moet voorgestel en gesekondeer word deur eerbare lede van die Assosiasie en aansoeke moet, tensy anders in hierdie Grondwet bepaal, vergesel wees van die intreegeld en die ledegeld vir die lopende jaar.

6.2.3 Aansoeke om lidmaatskap moet, na ontvangs, by die eersvolgende vergadering van die Uitvoerende Komitee behandel word. Die Uitvoerende Komitee mag, waar nodig, vereis dat vertroulike verslae oor die applikante verkry word. Die Uitvoerende Komitee mag ook vereis dat die applikant, sy voorsteller en/of sy sekondant voor die vergadering waartydens die aansoek om lidmaatskap oorweeg sal word, moet verskyn.

6.2.4 Die toelating of weiering van ’n applikant om lidmaatskap word bepaal deur ’n meerderheidsbesluit van die lede teenwoordig op die vergadering waartydens die aansoek oorweeg word met dien verstande dat ’n applikant, wie se aansoek om lidmaatskap deur die Uitvoerende Komitee geweier is, die reg van appél na die eersvolgende Algemene Vergadering van lede van die Assosiasie het deur die sekretaris binne 5 werksdae van die datum waarop kennis van sodanige weiering ontvang is, skriftelik kennis te gee van sodanige appél. Wanneer die appél aangehoor word, het die applikant die reg om, as hy dit verkies, sy saak persoonlik aan die Algemene Vergadering te stel en getuies te roep ter ondersteuning van enige verklarings wat hy doen. Indien ’n meerderheid by sodanige Vergadering teenwoordig ten gunste van die applikant se toelating stem, sal hy op lidmaatskap geregtig wees.

6.2.5 Die Uitvoerende Komitee is by magte om te besluit of ’n applikant om lidmaatskap vir ’n tydperk van hoogstens twaalf (12) maande tot voorwaardelike lidmaatskap toegelaat moet word. Indien ’n voorwaardelike lid nie na sy proeftydperk tot gewone lidmaatskap toegelaat word nie, sal hy dieselfde reg van appél na ’n Algemene Vergadering hê soos in klousule 6.2.4 uiteengesit is. Voorwaardelike lede is aan dieselfde voorwaardes as gewone lede onderworpe.

6.2.6 ’n Applikant aan wie lidmaatskap geweier is, sal geregtig wees op terugbetaling van die intreegeld en ledegeld wat deur hom betaal is tydens sy aansoek. ’n Voorwaardelike lid wat na sy proeftydperk nie tot gewone lidmaatskap toegelaat word nie, is op terugbetaling van sy intreegeld geregtig.

6.2.7 Slegs een (1) verteenwoordiger mag te enige tyd ’n lid verteenwoordig of in ’n uitvoerende of ander hoedanigheid in die Assosiasie aangestel word.

6.2.8 Elke lid moet die Sekretaris skriftelik kennis gee van sy posadres en enige verandering daarvan binne 10 werksdae vanaf die datum waarop die verandering plaasgevind het.

6.2.9 ’n Lid wat bedank het of uit die Assosiasie gesit is, maar wat nog steeds betrokke is in die belange genoem in klousule 6.1, kan weer tot lidmaatskap toegelaat word op sodanige voorwaardes as wat die Uitvoerende Komitee mag vasstel.

6.2.10 Die Uitvoerende Komitee behou die reg om lede te affilieer en klassifiseer.

6.2.11 Die Uitvoerende Komitee is by magte om die nodige of sodanige dokumentasie en sertifikate vanaf die Boubedingingsraad aan te vra om sodoende te verseker dat nuwe lede sowel as bestaande lede aan die nodige Boubedingingsraad Noord en Wes Boland wetgewing voldoen alvorens enige lidmaatskap aanvaar of hernu sal word.

6.3 Insolvensie/Boedelafstand

’n Lid van die Assosiasie se lidmaatskap sal ipso facto beëindig word indien:

6.3.1 hy insolvent verklaar word;

6.3.2 hy boedelafstand sou doen vir rekening van sy skuldeisers of sou instem om so ’n afstand te doen of wat ’n trust of ander akte van ooreenkoms aangaan, of gebruik maak van ’n wederegtelike bepaling om ’n reëling met sy skuldeisers te tref;

6.3.3 nieteenstaande die bepalings van paragraaf 6.3.1 van hierdie klousule mag ’n lid wie se lidmaatskap verval as gevolg van die omstandighede uiteengesit in paragraaf 6.3.2 hiervan, weer toegelaat word as die lid deur ’n besluit van die meerderheid van lede teenwoordig op ’n vergadering van die Uitvoerende Komitee op sodanige bepalings of voorwaardes soos deur die komitee bepaal mag word.

6.4 Verandering in Bestuur, Eienaarskap of Beheer.

Wanneer daar ’n verandering plaasvind in die vennote, direkteure, eienaarskap, bestuur of beheer van ‘n vennootskap of maatskappy wat lid is, moet die Sekretaris van die Assosiasie onmiddellik van die verandering in kennis gestel word. Die Uitvoerende Komitee sal dan besluit of ’n heraansoek om lidmaatskap gedoen moet word en ook of ’n

verdere toelatingsfooi deur sodanige persoon betaal moet word indien hy weer as lid toegelaat word.

Vir die doel van hierdie sub-klousule sluit die uitdrukking “veranderings in bestuur, eienaarskap of beheer” die deelname deur enige prinsipaal, vennoot of direkteur in die sake van ’n maatskappy, uitgesonderd die maatskappy wat lid is van die Assosiasie ingevolge hierdie Grondwet wat gestig is om sy bedrywighede in die Bou of Verwante Nywerhede binne die mening van hierdie Grondwet voort te sit, in.

6.5 Bedankings.

’n Lid van die Assosiasie wat wil bedank, moet die Sekretaris minstens een (1) maand vooraf skriftelik daarvan in kennis stel. Tot tyd en wyl die bedanking van ’n lid van krag word, bly sodanige lid deur die voorwaardes van lidmaatskap gebind. Tensy daar voor 1 Junie van ‘n bepaalde jaar kennis van die bedanking ontvang word, is sodanige lid aanspreeklik vir die betaling van die ledegeld vir daardie jaar.

6.6 Lewenslange-lid.

Op aanbeveling van die Uitvoerende Komitee kan ’n gewone lid tydens enige Algemene Vergadering van die Assosiasie as lewenslange lid gekies word en sal daarna op alle voorregte van lidmaatskap geregtig wees sonder betaling van jaarlikse ledegeld of enige spesiale betaling vir sulke lewenslange lidmaatskap of op sodanige ander voorwaardes as wat neergelê mag word.

Vir sodanige verkiesing moet drie-kwart (¾) van die lede teenwoordig ten gunste daarvan stem. Sodanige lewenslange lid is andersins onderworpe aan dieselfde voorwaardes as ’n gewone lid, met dien verstande dat ’n lewenslange lid wat nie bevoeg is om ’n gewone lid te word nie, geen stemreg het nie, nie ’n amp mag beklee nie en ook nie vir die doeleindes van die Wet op Arbeidsverhoudinge No 66 van 1995, as ’n lid beskou word nie. Die rekords van die Assosiasie moet duidelik aantoon of ’n lid ’n gewone of ’n lewenslange lid is.

7. KLAGTES

Indien daar enige klagtes van ’n lid ontvang word, sal dit na die Uitvoerende Komitee verwys word. Die Uitvoerende Komitee sal so spoedig moontlik daaraan aandag gee en bepaal watter toepaslike optrede moontlik is. Alle klagtes, korrespondensie sowel as aanbeveling rakende die klagte, sal skriftelik plaasvind en vertroulik hanteer word.

8. TOETREDES, LEDEGELDE EN HEFFINGS

8.1 Lede moet ’n toetredingsfooi en jaarlikse ledegeld betaal, soos van tyd tot tyd deur die Uitvoerende Komitee van die Assosiasie bepaal.

Toetredingsfooi vir alle kategorieë: R100.00 (Eenhonderd rand)

Jaarlikse Ledegeld vir die volgende katogorieë:

Meesterbouers en Verskaffers:	R500.00 (Vyfhonderd rand).
Spesialis en Algemene kontrakteurs:	R400.00 (Vierhonderd rand).
Voorwaardelike algemene lede:	R400.00 (Vierhonderd rand).

8.2 Toetredingsgeld sal deur elke lid tydens aansoek om Lidmaatskap betaal word, met dien verstande dat, indien dit die Uitvoerende Komitee behaag, afstand gedoen mag word van hierdie vereiste ten opsigte van enige nuwe lid wat tydens toelating ’n volwaardige lid is van enige Assosiasie wat met die Federasie van Bounywerhede Suid Afrika geaffillieerd is.

8.3 Jaarlikse ledegelde is vooruitbetaalbaar en is op 1 Junie elke jaar verskuldig en betaalbaar.

8.4 Enige party wat toegelaat word tot lidmaatskap van die Assosiasie sal by toelating aanspreeklik wees vir die betaling van die toetredingsfooi. ’n Lid sal ook aanspreeklik wees vir een-twaalfde (1/12) van die jaarlikse ledegelde ten opsigte van elke voltooide kalendermaand wat hy lid was vir die boekjaar soos geëindig op 31 Mei.

8.5 ’n Spesiale heffing, soos bepaal deur die Uitvoerende Komitee, vir die doel van enige van die doelstellings in Klousule 4 uiteengesit, kan te enige tyd van lede van die Assosiasie gevorder word indien twee-derdes

(⅔) van stemgeregtigde lede teenwoordig op ŉ Spesiale Algemene Vergadering, wat vir diè doel belê is, ten gunste daarvan stem.

8.6 ŉ Lid wie se ledegelde, betaalbaar ingevolge klousule 8.1, of heffing, betaalbaar ingevolge klousule 8.5, teen 30 Junie van daardie jaar uitstaande is, word van alle regte en voordele wat aan lidmaatskap verbonde is, ontneem, tensy die Uitvoerende Komitee anders besluit. Indien die verskuldigde ledegeld of heffing nie voor of op 31 Julie van daardie jaar deur die Sekretaris ontvang word nie, word sonder benadeling van die Assosiasie se reg om die agterstallige ledegelde by wyse van geregtelike stappe in te vorder, die betrokke lid se naam onmiddellik van die ledelys geskrap en sodanige se lidmaatskap beeindig tensy die Uitvoerende Komitee anders besluit, hetsy op versoek van die betrokke lid of uit vrye wil. Sodanige lid wat her-toelating tot lidmaatskap verlang, moet dan weer aansoek doen.

9. WANGEDRAG VAN LEDE

9.1 Alle lede moet hulself vertroud maak met die bepalings van die reëls, verordeninge en die Grondwet van die Assosiasie en hulle word ipso facto daardeur gebind hetsy hulle dit onderteken het of nie.

9.2 Enige lid wat enige van die bepalings van die Assosiasie of enige van die reëls of verordeninge of besluite of opdragte van die Assosiasie of die Uitvoerende Komitee verontagsaam of oortree of wat hul skuldig gemaak het aan gedrag wat na die mening van die Uitvoerende Komitee hom ongeskik maak om lid van die Assosiasie te wees, kan geskors word op sodanige voorwaardes en vir sodanige tydperk as wat die Uitvoerende Komitee bepaal, of kan vir elke oortreding hoogstens ‘n bedrag gelykstaande aan vyf (5) maal die jaarlikse ledegeld dan van krag beboet word, of geskors sowel as beboet word deur die Uitvoerende Komitee of die Uitvoerende Komitee kan aan ŉ Spesiale Algemene Vergadering van die Assosiasie aanbeveel dat hy geskors word.

9.3 Die Sekretaris moet die lid wat geskors of beboet is binne 5 werksdae per aangetekende brief van sodanige skorsing of boete in kennis stel en as sodanige lid by die lede van die Assosiasie wil appélleer teen die

besluit van die Uitvoerende Komitee moet hy binne 5 werksdae vanaf die datum waarop hy sodanige kennisgewing ontvang het, die Sekretaris skriftelik versoek om ŉ Spesiale Algemene Vergadering van die Assosiasie te belê en die Sekretaris moet sodanige vergadering binne 10 werksdae vanaf die ontvangs van sodanige versoek belê.

9.4 Waar die skorsing van ŉ lid deur die Uitvoerende Komitee aanbeveel word, moet die Sekretaris binne 10 werksdae ŉ Spesiale Algemene Vergadering van die Assosiasie belê om die saak te oorweeg.

Kennis van die voorgestelde skorsing van ŉ lid moet gegee word in die brief aan lede waarin sodanige vergadering belê word en sal die enigste saak wees wat tydens sodanige vergadering bespreek mag word. Die betrokke lid moet ten minste 5 werksdae voor die datum van sodanige vergadering van die aanbeveling van die Uitvoerende Komitee en van die Spesiale Algemene Vergadering waarop die aanbeveling bespreek sal word, skriftelik in kennis gestel word.

9.5 Die betrokke lid is geregtig om by die Spesiale Algemene Vergadering wat ingevolge klousules 9.3 en 9.4 belê word, teenwoordig te wees en aangehoor te word. Die meerderheidstem op sodanige vergadering is beslissend.

9.6 As die gestrafde lid versuim om sy opwagting te maak soos hierin voorsien, het hy geen verdere reg tot appél nie.

9.7 As ŉ lid geskors of uitgesit is, is hy gedurende die tydperk van die skorsing en ook vanaf die datum waarop die skorsing van krag geword het, nie meer geregtig op die voorregte, met inbegrip van die reg om te stem, wat aan lidmaatskap verbonde is, nie, en het hy geen eis teen die Assosiasie of enigeen van die lede ten opsigte van hulle beslissing nie.

9.8 As ‘n lid ŉ klag (wat skriftelik ingedien moet word) oor die gedrag van ŉ lid aan die Uitvoerende Komitee voorlê, moet daar so gou doenlik ‘n vergadering van die Uitvoerende Komitee belê word om sodanige klag te oorweeg en te besluit watter stappe in verband daarmee gedoen moet word.

9.9 ŉ Lid is geregtig om getuies ter ondersteuning van sy saak in te roep wanneer hy ŉ vergadering van die Uitvoerende Komitee of ŉ Algemene

Vergadering ingevolge klousule 9.3 of 9.4 na gelang van die geval, bywoon.

9.10 ’n Lid is nie langer op enige van die voordele van lidmaatskap insluitende die reg om te stem, geregtig nie en sal beskou word as nie volwaardig te wees nie :-

9.10.1 as die ledegelde of ander gelde deur hom aan die organisasie verskuldig meer as drie (3) maande agterstallig is; en

9.10.2 gedurende enige tydperk wanneer hy ingevolge hierdie Grondwet geskors is.

9.11 Ingeval die ledegelde of ander gelde aan die Assosiasie verskuldig deur ’n lid meer as drie (3) maande agterstallig is, bly hy onderhewig aan die nadele opgelê by paragraaf 9.10 totdat alle agterstallige gelde betaal is.

9.12 Enige kennisgewing wat volgens die vereistes van die voorafgaande sub-klousule aan ’n lid gestuur moet word, sal as afgelewer beskou word indien dit per voorafbetaalde pos gepos word aan die adres deur sodanige lid verskaf kragtens klousule 6.2.8.

10. AMPSDRAERS EN BEAMPTES

10.1 Die ampsdraers van die Assosiasie bestaan uit ’n President, ’n Vise-President, ’n Tesourier en die Uittredende President van die Assosiasie.

10.2 Die ampsdraers van die Assosiasie, uitgesonderd die Uittredende President van die vorige jaar, word elke jaar op die Algemene Jaarvergadering gekies en sodanige verkiesing is vir slegs een (1) jaar geldig, maar elke ampsdraer is weer verkiesbaar.

Die President sal nie herkiesbaar wees vir meer as drie (3) opeenvolgende jare nie. Nominasies vir elkeen van hierdie ampte, behalwe die van die Uittredende President, moet skriftelik ingedien word en moet die handtekeninge van die voorsteller, sekondant sowel as die handtekening van die genomineerde persoon wat bereid is om die amp te beklee indien hy gekies word. Slegs nominasielyste wat deur die Assosiasie verskaf word sal geldig wees. Sodanige nominasies moet minstens 5 werksdae voor die datum van die Algemene Jaarvergadering in die besit van die Sekretaris wees. Die dag van die Algemene Jaarvergadering sal nie as een van die dae beskou word nie. Indien

enige ampsdraer nie van voornemens is om hom beskikbaar te stel vir herkiesing nie, moet hierdie feit aan die lede bekend gemaak word in die kennisgewing van die vergadering. As daar ’n vakature ontstaan in die amp van die President, Vise-President of Tesourier, vir welke rede ookal, moet die Uitvoerende Komitee sulke vakatures vul uit hulle lede vir die tydperk oorblywend tot die volgende Algemene Jaarvergadering.

Die posisie van ’n Uittredende President loop in lyn met die huidige President, m.a.w. sou ’n President vir meer as 1 jaar (maksimum van 3jaar) as President dien, dien die Uittredende President ook vir daardie termyn in sy amp as Uittredende President.

10.3 Ingeval meer as een lid vir ’n pos genomineer word moet ’n verkiesing by wyse van stembriewe gehou word en die lid wat ’n volstrekte meerderheid van stemme ontvang, dit wil sê meer as die gesamentlike getal stemme wat op die ander kandidate uitgebring is, word as gekose verklaar. As daar drie (3) of meer kandidate vir ’n pos genomineer word, en as nie een van hulle ’n volstrekte meerderheid by die eerste stemming verkry nie, val die kandidaat wat die minste aantal stemme op hom verenig het, uit en daarna word daar nog ’n keer vir die oorblywende kandidate gestem en hierdie prosedure word herhaal todat een kandidaat ’n volstrekte meerderheid van die stemme wat uitgebring is, vekry en sodanige kandidaat word dan as verkose verklaar.

10.4 Die President tree op as voorsitter by alle vergaderings waarop hy teenwoordig is. Hy lei die vergadering ooreenkomstig debatsreëls, onderteken die notule van die vorige vergadering nadat dit aangeneem is, hou oor die algemeen toesig oor die sake van die Assosiasie en vervul sodanige ander pligte as wat volgens gewoonte en gebruik aan sy amp verbonde is.

10.5 Die Vise-President oefen die bevoegdhede en pligte van die President uit wanneer laasgenoemde persoon afwesig is.

10.6 Die Tesourier is verantwoordelik vir die fondse van die Assosiasie en hou boek van alle gelde ontvang en bestee, met die nodige bewysstukke waar nodig, op so ’n wyse as wat die Uitvoerende Komitee bepaal. Sy pligte sluit in die ontvangs en die uitskryf van kwitansies daarvoor, en die deponering van alle gelde ontvang in ’n voorgeskrewe rekening van die

Assosiasie binne drie (3) werksdae na ontvangs daarvan. Die Tesourier mag enige van sy pligte en magte delegeer aan die sekretaris of enige ander Komiteelid.

Die Tesourier moet by elke Uitvoerende Komiteevergadering ŉ verslag van die finansiële stand van sake indien/lewer. Hy stel, saam met die Sekretaris, ŉ staat van die inkomste en uitgawes vir die jaar sowel as ŉ balansstaat waarin die finansiële toestand van die Assosiasie soos op 31 Mei elke jaar, uiteengesit word op en lê dit op die Algemene Jaarvergadering van die Assosiasie voor nadat dit geouditeer is. Die Tesourier laat sulke rekeninge ouditeer deur ŉ behoorlik gekwalifiseerde ouditeur wat ŉ openbare rekenmeester en ouditeur moet wees wat deur die Uitvoerende Komitee aangestel is, en moet daarvoor sorg dat juiste afskrifte van die geouditeerde rekeninge aan die lede beskikbaar gestel word sodat die finansiële verslag en stand van sake op die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering bekragtig word.

Ingeval die Tesourier afwesig is, stel die Uitvoerende Komitee ŉ lid van die Assosiasie aan om gedurende sodanige afwesigheid in sy plek op te tree.

10.7 Enige ampsdraer van die Assosiasie of enige lid van die Uitvoerende Komitee mag uit sy amp ontslaan word of die reg van ŉ “ex-officio” lid van ŉ komitee om op ŉ Komitee of ‘n Sub-Komitee te dien, mag van hom ontneem word as gevolg van ŉ beslissing van ŉ Spesiale Algemene Vergadering belê ingevolge klousule 14.2, wat deur ‘n meerderheid van twee-derdes (⅔) van die lede wat teenwoordig is en geregtig is om te stem, aangeneem is. Die ampsdraer, lid van ŉ Komitee of ŉ Sub-Komitee, of ex-officio lid wat in die resolusie genoem word, moet ten minste drie (3) werksdae kennis van die vergadering per geregistreerde brief gegee word. Sodanige ampsdraer of lid het dieselfde appélreg as wat aan lede ingevolge Klousule 9 verleen word.

10.8 ŉ Lid van die Uitvoerende Komitee mag uit sy amp ontslaan word of die reg van ŉ “ex-officio” lid van ŉ komitee om op ŉ Komitee of Sub-Komitee te dien, mag van hom ontneem word in enige van die volgende omstandighede:

10.8.1 met uittreding, bedanking of opskorting van lidmaatskap van die Assosiasie;

10.8.2 met die wegbly van drie (3) agtereenvolgende Uitvoerende Komitee-vergaderings sonder verskonings;

10.8.3 met die ontvangs van ’n geskrewe bedanking vanuit die Uitvoerende Komitee deur ten minste 5 werksdae kennis te gee aan die sekretaris.

10.8.4 Wanneer hy ophou om sake te doen volgens Klousule 6.1 van hierdie Grondwet.

10.9 Die indiensneming van alle betaalde beamptes, insluitende die sekretaris, sal onderworpe wees aan sodanige kennisgewing van diensbeëindiging soos met elke individuele beampte gekontrakteer onderhewig daaraan dat die Uitvoerende Komitee enige beampte summier sonder kennisgewing mag ontslaan vir enige rede wat deur die Wet as geldig beskou sal word.

Diensvoorwaardes sal onder geen omstandighede teenstrydig wees met die bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes nie.

10.10 Iedere ampsdraer, komiteelid, beampte en werknemer van die Assosiasie moet deur die Assosiasie gevrywaar word teen alle koste, verliese en uitgawes wat hy, as gevolg van die uitvoering van die opdragte van die Assosiasie of in die uitvoering van sy wettige amptelike plig teenoor die Assosiasie mag ly of aangaan.

10.11 Die ampsdraers sal, sover moontlik, minstens een keer per maand vergader vir die doel om aandag aan dringende sake te gee, en die voorbereiding van sakelyste, enige advies en ander inligting vir vergaderings van die Uitvoerende Komitee.

11. UITVOERENDE KOMITEE

11.1 Die algemene sake van die Assosiasie word, onderworpe aan die opdragte en beheer van algemene vergaderings van die Assosiasie, deur ’n Uitvoerende Komitee bestuur.

11.2 Die Uitvoerende Komitee bestaan uit die ampsdraers tesame met vyf (5) gewone lede. Die nuutverkose Uitvoerende Komitee kan nog lede, soos

benodig, koöpteer. Die sekretaris sal, uit hoofde van sy pos, ook deel wees van die Uitvoerende Komitee.

11.3 Bydraende oud-presidente van die Assosiasie het die reg om vergaderings van die Uitvoerende Komitee by te woon en om deel te neem in die besprekings, maar is nie geregtig om te stem nie.

11.4 Die vyf (5) gewone lede van die Uitvoerende Komitee word op die Algemene Jaarvergadering soos volg verkies:-

Nominasies van persone om op die Uitvoerende Komitee te dien moet skriftelik ingedien word en moet die handtekening van die voorsteller, sekondant sowel as die persoon bevat wat bereid is om die pos te beklee indien hy gekies word, en moet ten minste 5 werksdae voor die datum van die Algemene Jaarvergadering in die besit van die Sekretaris wees. Dit is nie nodig dat uittredende lede weer genomineer moet word nie en hulle word as kandidate vir herkiesing beskou tensy hulle ten minste 5 werksdae voor die datum van die Algemene Jaarvergadering die Sekretaris in kennis stel dat hulle nie herkiesbaar is nie.

11.5 Vakatures wat op die Uitvoerende Komitee gedurende die loop van die jaar ontstaan, sal gevul word deur die oorblywende lede van die Uitvoerende Komitee uit lede van die Assosiasie wat van goeie aansien is.

11.6 Die lede van die Uitvoerende Komitee moet, behalwe wanneer die bepalings van klousules 10.7 en 10.8 toegepas is, hulle ampte waarneem tot tyd en wyl hulle plaasvervangers aangestel word.

12. BEVOEGDHEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Benewens die bevoegdhede elders in hierdie Grondwet gemeld, beskik die Uitvoerende Komitee ook oor die volgende bevoegdhede:

12.1 Om roerende of onroerende eiendom namens die Assosiasie te koop, te huur of op ander maniere te verkry en ook om roerende of onroerende eiendom wat aan die Assosiasie behoort te verkoop, te verhuur, te verpand of op ander maniere daarmee te handel of dit van die hand te sit, met dien verstande dat geen onroerende eiendom verkry, verkoop of verpand, of vir ’n tydperk van langer as vyf (5) jaar verhuur mag word tensy die Sekretaris dertig (30) dae skriftelik kennis van die voornemens

om dit te doen aan elke lid van die Assosiasie gegee het nie. As nie minder nie as 25% van die lede gedurende hierdie tydperk skriftelik daarop aandring dat ’n stemming per stembrief oor die voorgestelde optrede moet geskied, sal daar aldus gestem word. As tweederdes (⅔) van al die lede van goeie aansien stem vir die voorgestelde handeling, sal dit uitgevoer word.

12.2 Om die Sekretaris, klerke, agente of ander beamptes van die Assosiasie aan te stel, te ontslaan en hulle pligte, salarisse en besoldiging te bepaal.

12.3 Om die prosedure wat in die Komitee gevolg moet word, te bepaal.

12.4 Om lede te skors of te beboet of die skorsing van lede ingevolge die bepalings van klousule 9 aan te beveel.

12.5 Om die toelating van besoekers tot vergaderings te reguleer en om die toelating van lewenslange lede aan te beveel.

12.6 Om die fondse en ander eiendom van die Assosiasie te bewaar en om na goeddunke, onderworpe aan klousule 18, volmag te verleen aan lede om alle prokurasies, ooreenkomste, verhandelbare dokumente en ander dokumente namens die Assosiasie te onderteken.

12.7 Om die fondse te gebruik vir die betaling van die agente en beamptes van die Assosiasie en vir die bevordering van die doelstellings van die Assosiasie of vir enige doel in verband daarmee.

12.8 Om fondse te belê soos in belang van die Assosiasie.

12.9 Om alle aansoeke om lidmaatskap te oorweeg en daaroor te besluit.

12.10 Om die Assosiasie se verordeninge/doelstellings toe te pas.

12.11 Om komitees uit hulle eie geledere te benoem vir die doel om ondersoek in te stel en verslag te doen oor enige saak wat deur die Uitvoerende Komitee na hulle verwys word.

12.12 Om geld te skenk of by te dra tot enige barmhartigheids- of liefdadigheidsfonds en om vir geldelike bystand te stem vir die verligting van verdienstelike of behoeftige persone of genootskappe.

12.13 Om geregtelike stappe namens die Assosiasie in te stel of te bestry en om geregtelike stappe teen afsonderlike lede in te stel.

12.14 Om sodanige ander wettige dinge te doen as wat, na die mening van die Uitvoerende Komitee, in die belang van die Assosiasie of sy lede skyn te

wees en wat nie met die doelstellings in klousule 4 uiteengesit of enige ander aangeleentheid waaroor spesifieke voorsiening in hierdie Grondwet gemaak is, strydig is nie.

13. VERTEENWOORDIGING OP BEDINGINGS- EN STATUTÊRE RADE

13.1 'n Algemene Vergadering kan ter enige tyd besluit dat die Assosiasie party mag word tot 'n Bedingingsraad, of aansoek doen vir 'n Statutêre Raad in terme van die Wet op Arbeidsverhoudinge, No 66 van 1995.

13.2 Kandidate vir aanstelling op so 'n Raad moet tydens 'n Uitvoerende Komiteevergadering genomineer word en die verkiesing moet per stembrief geskied. Dit geld ook indien die Assosiasie benoem word as party tot 'n Statutêre Raad wat op versoek van 'n ander party aangestel is.

13.3 Verteenwoordigers op sodanige Bedingingsraad kan deur 'n Uitvoerende Komitee afgedank word en kan bedank nadat (1) maand se kennis aan die Uitvoerende Komitee gegee is, of sodanige kennis as wat in die Raad se Grondwet neergelê is.

13.4 Ingeval van die afdanking, uittrede of dood van 'n verteenwoordiger, sal die vakature gevul word deur die Uitvoerende Komitee tot met die volgende Algemene Vergadering.

13.5 Verteenwoordigers sal oor magtiging beskik om ooreenkomste aan te gaan namens die Assosiasie en sulke ooreenkomste sal nie onderhewig wees aan bekragtiging van die Uitvoerende Komitee of 'n Algemene Vergadering nie.

14. VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

14.1 'n Vergadering van die Uitvoerende Komitee moet minstens elke tweede (2de) maand gehou word..

14.2 Spesiale vergaderings van die Uitvoerende Komitee kan, met minstens 24 uur kennisgewing, wanneer dit nodig geag word, deur die President en die Sekretaris van die Assosiasie belê word en moet belê word op versoek van minstens drie (3) lede van die Komitee. Die aard van die sake wat behandel sal word, moet in hulle versoek vermeld word.

14.3 Die meerderheid lede vorm ’n kworum by enige vergadering van die Uitvoerende Komitee. Indien daar binne dertig (30) minute na die tyd wat bepaal is vir ’n vergadering nie ’n kworum teenwoordig is nie, staan die vergadering verdaag tot dieselfde tyd en dag van die volgende week of tot sodanige ander datum en na sodanige kennisgewing as wat deur die ampsdraers mag bepaal word. By sodanige verdaagde vergadering waarvan skriftelik kennis gegee moet word, vorm die lede teenwoordig ’n kworum.Die gekoöpteerde lede van die uitvoerende bestuur maak nie deel uit van die kworum nie.

14.3 Die vergaderings van die Uitvoerende Komitee is streng vertroulik en as daar bewys word dat ’n lid die geheimhouding van ’n vergadering geskend het of dat hy sake wat op so ’n vergadering behandel of bespreek is, sonder die toestemming van sodanige komitee rugbaar gemaak het tot benadeling van of skade aan die Assosiasie, kan hy beboet of geskors (of albei) word en kan al sy eise tot die fondse van die Assosiasie deur die Uitvoerende Komitee verbeurd verklaar word.

14.4 Alle sake waaroor die Uitvoerende Komitee of ’n Sub-komitee daarvan, moet besluit, word beslis deur die meerderheidstem van die stemgeregtigde lede wat teenwoordig is en die President het ’n beslissende stem.

15. ALGEMENE VERGADERINGS

15.1 Die Algemene Jaarvergadering moet elke jaar binne drie (3) maande na boekjaareinde, gehou word. Gewone of Spesiale Algemene Vergaderings word gehou wanneer die Uitvoerende Komitee dit raadsaam ag of soos ingevolge klousule 15.3 belê word. Daar moet minstens drie (3) Algemene Vergaderings en een (1) Algemene Jaarvergadering per jaar gehou word. By elke Algemene Vergadering word die notule van die vorige Algemene Vergadering deur die Sekretaris voorgelees en word dit na goedkeuring deur die President geteken. Notules van vergaderings van die Uitvoerende Komitee moet op dieselfde wyse behandel word deur daardie liggaam.

15.2 Die Sekretaris moet minstens 10 werksdae voor die Algemene Jaarvergadering en minstens 5 werksdae voor enige gewone of spesiale

of uitvoerende vergadering van die Assosiasie ‘n kennisgewing aan elke lid pos wat die uur en datum van die vergadering sowel as die sake wat bespreek gaan word, aangee.

15.3 Die President, of in sy afwesigheid, die Vise-President, of drie (3) lede van die Uitvoerende Komitee of vyf (5) lede van die Assosiasie, kan die Sekretaris beveel om onmiddellik ’n Spesiale Algemene Vergadering te belê waarvan minstens drie (3) dae of hoogstens 5 werksdae kennis gegee moet word. Die doel van die vergadering moet volledig in die kennisgewing uiteengesit word en sal die enigste saak wees wat vir bespreking en beslissing voortgebring kan word.

15.4 Tien (10) persent van die lede vorm ’n kworum op ’n Algemene of Spesiale Algemene Vergadering. Indien daar binne dertig (30) minute na die uur wat vir enige Algemene of Spesiale Vergadering bepaal is nie ’n kworum teenwoordig is nie, sal die bepalings van klousule 14.3 mutatus mutandis van toepassing wees.

15.5 Tensy spesifiek anders bepaal, is die meerderheidstem van lede wat by enige vergadering teenwoordig is, bindend op die Assosiasie.

15.6 Op alle vergaderings van die Assosiasie tree die President, ’n Vise-President of, in hulle afwesigheid, ’n Voorsitter wat deur die vergadering aangestel is, as Voorsitter op, en hy beperk die verrigtinge tot die doeleindes waarvoor die vergadering byeengeroep is. In die geval van ’n staking van stemme het hy ’n beslissende stem sowel as ’n gewone stem. Indien die President en die Vise-President permanent ongeskik is om hulle pligte uit te voer, moet ’n Waarnemende President deur die Uitvoerende Komitee aangestel word wat die amp vir die oorblywende tydperk van sy voorganger se ampstermyn sal beklee.

15.7 ’n Lid wat afwesig is uit die distrik waarin die vergadering gehou word, kan ’n verteenwoordiger wat amptelik aan sy besigheid verbonde is of wat volmag het om namens hom op te tree, aanstel om namens hom vergaderings by te woon of om namens hom te stem mits die Sekretaris skriftelik van sy aanstelling in kennis gestel is. Die verrigtinge by enige vergadering word nie ongeldig verklaar as gevolg van die nie-ontvangs van die kennisgewing van die vergadering deur enige lid nie.

15.8 Enige lid wat minstens 5 werksdae voor enige gewone algemene vergadering skriftelik kennis aan die Sekretaris gee van sy voorneme om enige onderwerp of mosie voor die Assosiasie te lê vir bespreking en beslising, is geregtig daarop dat sodanige onderwerp of mosie op die volgende agenda verskyn en om die saak aan die vergadering voor te lê. Enige saak van dringende belang wat nie op die Agenda verskyn nie, kan egter met die toestemming van die meerderheid van die lede teenwoordig by ŉ gewone vergadering aan sodanige vergadering voorgelê word.

15.9 As die Voorsitter daartoe besluit, moet alle voorstelle op ŉ Algemene Vergadering skriftelik aan die Voorsitter oorhandig word vir voorlesing op die vergadering, Geen voorstel mag oorweeg word nie tensy dit gesekondeer word, en geen lid mag toegelaat word om langer as tien (10) minute oor ŉ saak te praat tensy die meerderheid van diegene wat teenwoordig is, daartoe instem nie. Tensy daar spesiaal andersins hierin bepaal word, word daar oor alle sake wat voorgestel word gestem deur hande op te steek tensy ŉ stemming per stembrief deur minstens drie (3) lede verkies word, en sodanige sake word beslis deur ŉ meerderheid van die lede wat teenwoordig is, behalwe in die geval van verkiesing waar die kandidate wat die vereiste aantal stemme soos in klousule 10.3 bepaal verkry, as gekose verklaar word.

15.10 Alle aangeleenthede waarop daar nie spesifiek in die Grondwet melding gemaak word nie, sal by wyse van ŉ meerderheids stem op die Algemene vergadering of indien nodig op ŉ Spesiale Algemene Vergadering besluit word.

16. AFDELINGSVERGADERINGS

Ten einde aanbevelings oor sake wat eie is aan ŉ bepaalde belang of gebied te oorweeg en aan die Uitvoerende Komitee of ŉ Algemene Vergadering van die Assosiasie voor te lê, kan die betrokke lede ŉ eie afdeling vorm. Dit staan sodanige afdeling vry om afsonderlik bymekaar te kom om enige saak wat die lede van die afdeling in besonder raak te bespreek met dien verstande dat die belange van die Assosiasie as ŉ geheel altyd voorkeur geniet. Geen beslissing moet geneem en geen stappe moet gedoen word deur sodanige afdelings wat

ander lede van die Assosiasie mag raak tot tyd en wyl sodanige beslissing of stappe deur die Uitvoerende Komitee of ’n Algemene Vergadering bevestig of gemagtig is nie. Sodanige afdelings is geregtig om op die Sekretaris en personeel van die Assosiasie ’n beroep te doen om bystand by die byeenroeping en hou van vergaderings van die afdeling en by die hou van sodanige vergaderings sal die toepaslike klousules van die Grondwet mutatus mutandis van toepassing wees.

17. SEKRETARIS

Die Sekretaris moet al die briefwisseling van die Assosiasie en van die Komitee behartig, alle vergaderings bywoon, ’n juiste rekord en notule van die verrigtinge hou asook van die name van die lede teenwoordig. Hy moet ’n register hou waarin hy die pos- en besigheidsadres van alle lede van die Assosiasie en die handelsafdeling waaraan hulle behoort, aanteken. Hy moet alle klagtes deur lede aanhoor oor enige beweerde, dreigende of getragde skending van die Grondwet of verordeninge van die Assosiasie, óf deur lede óf deur ander persone, en moet onmiddellik aan die President of aan die Vise-President verslag daaroor doen en sy opdragte uitvoer. Die Sekretaris moet ook al die pligte uitvoer soos van tyd tot tyd aan hom gedelegeer in terme van hierdie Konstitusie asook die nakoming van al die administratiewe vereistes soos bepaal in Artikels 98, 99 en 100 van die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995 (soos van tyd tot tyd gewysig) in verband met werkgewers-organisasies.

17.1 Kennisgewing van diensbeëndiging:

Die tydperk wat die beamptes van die organisasie het om sy/haar bedanking in te dien en kennistydperk te werk is as volg:

Een week, indien die beamptes vier weke of korter in diens was.

Twee weke, indien die beamptes langer as vier weke maar nie langer as ‘n jaar in diens was.

Vier weke, in die beamptes ‘n jaar of langer in diens was.

17.2 Die prosedure vir die aanstelling van die beamptes van die organisasie:

Die Uitvoerende Komitee sal die volgende stappe neem vir die aanstelling van beamptes:

Advertensie plaas ten opsigte van vakante poste.

Kortlysting van aansoeke ontvang.

Kriteria op te stel.

Onderhoude te voer.

Kortlysting van geskikte persone na onderhoude.

Finale onderhoude te voer.

Aanstelling van geskikte kandidate.

18. BANK, ONDERTEKENING VAN TJEKS EN ELEKTRIESE OORBETALINGS

18.1 Die Assosiasie se bank sal wees sodanige bank as wat Uitvoerende Komitee van tyd tot tyd besluit. Alle tjeks getrek op die bank van die Assosiasie moet deur enige twee (2) van die volgende onderteken word, en enige elektroniese oorplasings gemaak deur die Assosiasie moet deur enige twee (2) van die volgende vooraf goedgekeur en/of elektronies oorbetaal word:- President, Vise-President, Tesourier, Sekretaris en 'n komiteelid soos deur die Uitvoerende Komitee benoem.

18.1 Uitvoerende Komitee goedgekeur is nie.

18.2 Uitgawes onder R5000: Geen enkele uitgawe meer as R5000.00, behalwe die salarisse van die Assosiasie se werknemers, sal toegestaan word alvorens dit nie deur die Ampsdraers goedgekeur word nie.

19. STEMMING PER STEMBRIEFIE.

19.1 Bo en behalwe in die gevalle waar stemming per stembriefie verpligtend ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet is, moet daar per stembriefie oor enige saak gestem word indien 'n Algemene Vergadering of die Uitvoerende Komitee so besluit, en moet daar ook aldus gestem word:

19.1.1 indien minstens tien (10) persent van die volwaardige lede van die Assosiasie dit skriftelik vereis, of

19.1.2 op enige voorstel om 'n uitsluiting te verklaar of daaraan deel te neem.

19.2 Stemming per stembriefie moet as volg geskied:-

19.2.1 Minstens drie (3) dae voordat ’n stemming per stembriefie plaasvind moet aan elke lid van die Assosiasie skriftelike kennis daarvan gegee word deur die Sekretaris, maar as ’n meerderheid van lede teenwoordig op ’n Algemene Vergadering aldus beslis, kan ’n stemming per stembriefie by sodanige vergadering sonder kennis geskied.

19.2.2 Twee (2) stemopnemers moet deur die Uitvoerende Komitee op ’n Algemene Vergadering aangestel word om toesig oor die stemming te hou en die uitslag daarvan vas te stel.

19.2.3 Stemming moet op die plek, datum en gedurende die tye, soos in die paragraaf 19.2.1 gemelde kennisgewing bepaal, geskied.

19.2.4 Stembriefies moet deur die Uitvoerende Komitee verskaf word. Die saak waaroor gestem moet word, moet duidelik op die stembriefies uiteengesit word en sodanige briefies moet geen inligting bevat wat dit moontlik sal maak om kiesers te identifiseer nie.

19.2.5 Slegs een stembriefie moet op aanvraag op die plek en gedurende die tye neergelê vir die stemming aan elke lid wat geregtig is om te stem, uitgereik word.

19.2.6 Elke kieser moet in die teenwoordigheid van die stemopnemers van een stembriefie voorsien word wat hy daarna moet invul, vou en in ’n houer moet plaas wat vir die doel verskaf word.

19.2.7 Behalwe die merk wat ’n lid moet maak om sy stem uit te bring, moet stembriefies nie onderteken of op ’n ander manier gemerk word nie. Stembriefies waarop enige ander merke voorkom, word as bedorwe beskou en word nie getel nie.

19.2.8 Behalwe die merk wat ’n lid moet maak om sy stem uit te bring, moet stemopnemers die uitslag daarvan in die teenwoordigheid van die Sekretaris wat die uitslag aan die vergadering bekend maak. In die geval van ’n verkiesing word die vereiste aantal kandidate wat die meeste stemme verkry het as verkose verklaar.

19.2.9 Stembusse moet deur die stemopnemers geïnspekteer word en deur die Sekretaris in hulle teenwoordigheid verseël word voor die uitreiking van die stembriefies.

19.2.10 Stembriefies moet, nadat hulle getel is, saam met enige bedorwe briefies, in ’n verseëlde bus geplaas word en deur die Sekretaris vir minstens drie (3) jaar gehou word.

19.3 Die Uitvoerende Komitee is verplig om volgens die beslissing van die meerderheid van die lede wat per stembriefie gestem het, op te tree.

19.4 Tot tyd en wyl die aangeleentheid ingevolge Artikel 64 van die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995 (soos gewysig) gehandel is, mag geen stemming per stembriefie oor ’n voorstel om ’n uitsluiting te verklaar of daaraan deel te neem, gehou word nie.

19.5 Ondanks andersluidende bepalings van hierdie Grondwet, sal lede van die Assosiasie nie gedissiplineer of hul lidmaatskap beeïndig word nie weens hul weiering of versuim om deel te neem aan ’n uitsluiting indien:-

19.5.1 geen stemming rakende die uitsluiting gehou was nie; of

19.5.2 ’n stemming wel gehou is, maar die meerderheid van die lede wat gestem teen die uitsluiting gestem het.

19.6 Alvorens ’n uitsluiting uitgeroep word, moet ’n stemming per stembrief gehou word onder die lede ten opsigte van wie die organisasie voornemens is om die uitsluiting te roep.

20. ALGEMEEN

Wanneer dit blyk dat die lede, beamptes, ampsdraers of werknemers van die Assosiasie weens onoplettendheid, nalatigheid of enige ander oorsaak nie die bepalings van die Grondwet nagekom het nie en dat die Assosiasie as gevolg van sodanige nie-nakoming in die een of ander opsig of heeltemal of gedeeltelik onbevoeg is om konstitusioneel te handel, omdat:-

20.1 Daar nie meer ’n Uitvoerende Komitee bestaan nie aangesien sy ampstermyn verstryk het en daar versuim is om opvolgers vir genoemde Uitvoerende Komitee te kies soos deur die Grondwet vereis; of

20.2 Daar ’n vakature in ’n amp bestaan wat die Assosiasie, weens die vereiste van hierdie Grondwet nie in staat is om te eniger tyd te vul nie; of

20.3 Daar weens sodanige nie-nakoming, ander omstandighede ontstaan het, kan enige ampsdraer, beampte of lid van die Assosiasie die omstandighede rapporteer aan die Arbeidshof wat ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995, (soos gewysig) aangestel is, vir sodanige optrede ingevolge Artikel 102(1) van die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995, as wat die Arbeidshof nodig mag ag.

21. ONTBINDING

21.1 Die Assosiasie moet ontbind word as minstens driekwart (¾) van die totale aantal volwaardige lede van die Assosiasie by ’n stemming gehou ooreenkomstig die bepalings van die Grondwet, ten gunste daarvan stem dat die Assosiasie ontbind word, of as die Assosiasie, behoudens die bepalings van Artikel 103(1) van die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995, om die een of ander rede nie in staat is om met sy werksaamhede voort te gaan nie.

21.2 As daar ooreenkomstig die bepalings van sub-klousule 20.1 besluit is om die Assosiasie te ontbind of as die Assosiasie om die een of ander rede nie met sy werksaamhede kan voortgaan nie, is die volgende bepalings van toepassing:-

21.2.1 Die President van die Assosiasie wat die laaste aangestel is of, as hy nie beskikbaar is nie, die beskikbare lede van die Uitvoerende Komitee van die Assosiasie wat die laaste aangestel is, moet dadelik ’n verklaring wat deur hom of hulle onderteken is en waarin die besluit soos aangeneem of die redes vir die Assosiasie se onvermoë om met sy werksaamhede voort te gaan – na gelang van die geval – uiteengesit word, aan die Arbeidshof stuur en die Arbeidshof versoek om ’n bevel toe te staan ingevolge Artikel 103 van die Wet op Arbeidsverhoudinge van 1995.

21.2.2 Die likwidateur, deur die Arbeidshof aangestel, moet die ampsdraers van die Assosiasie wat die laaste aangestel is, versoek om die rekeningsboeke van die Assosiasie waarin die

Assosiasie se bates en laste aangedui word, aan hom te oorhandig tesame met die lederegister wat aantoon wat die ledegeld is wat deur elke lid betaal is asook sy adres vir die twaalf maande onmiddellik voor die datum waarop die besluit om die Assosiasie te ontbind, geneem is of die datum van wanneer af die Assosiasie nie in staat was om sy werksaamhede voort te sit nie (hierna die datum van ontbinding genoem) – na gelang van die geval. Die likwidateur moet ook genoemde ampsdraers versoek om alle onbestede fondse van die Assosiasie, die Assosiasie se bates en die dokumente wat nodig is om die bates te likwideer, aan hom te oorhandig.

21.2.3 Die likwidateur moet die nodige stappe doen om die skulde van die Assosiasie te vereffen uit die onbestede fondse en ander gelde wat deur die te geldemaking van die bates van die Assosiasie ingebring is en, as genoemde fondse en gelde nie voldoende is om al die skuldeisers te betaal nadat die likwidateur se vergoeding en likwidasiekoste betaal is nie, moet die volgorde waarin die skuldeisers, onderworpe aan die bepalings van klousule 21.2.5, betaal moet word, soos bepaal in enige wet wat dan van krag is en wat betrekking het op die verdeling van die bates van ’n insolvente boedel, en die likwidateur se honorarium en die likwidasiekoste moet voorkeur kry asof hy die likwidateur van ’n insolvente boedel is en asof die uitgawes die sekwestrasiekoste van ’n insolvente boedel is.

21.2.4 Na betaling van al die skulde ooreenkomstig paragraaf 21.2.3, moet die likwidateur, omrede die assosiasie as ’n openbare weldaad organisasie geregistreer is, die fondse en ander bates wat oorbly, indien enige, verdeel in terme van Artikel 30 van die Inkomstebelastingwet 58 van 1962, soos gewysig. Die wet bepaal onder meer dat by ontbinding van die assosiasie die bates van die assosiasie slegs op een van die volgende wyses verdeel mag word.

1) Aan ’n soortgelyke organisasie of,

2) Aan ’n instansie, raad of liggaam wat in terme van art 10(1)(cA)(i) van die Inkomstebelastingwet vrygestel is van belasting en wat as sy enigste of hoofdoel die uitvoer van publieke weldaad aktiwitwite het of,
3) Aan ’n staatdepartement of ’n administrasie op nasionale of plaaslike regeringsvlak in die Republiek.

21.2.5 Die aanspreeklikheid van lede word vir die toepassing van hierdie klousule beperk tot die bedrag wat hulle ooreenkomstig hierdie Grondwet aan ledegelde aan die Assosiasie verskuldig is op die datum van ontbinding.

22. VERORDENINGE EN REËLS

Die Assosiasie kan veranderinge wat betrekking het op prosedure, administratiewe en dissiplinêre aangeleenthede opstel en toepas wat nie onverenigbaar met die bepalings van hierdie Grondwet of in stryd met die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995 (soos gewysig), of ’n ander wet mag wees nie en kan sulke verordeninge wysig of herroep soos in klousule 23 voorgeskryf word, soos wat nodig geag word.

23. WYSIGING VAN VERORDENINGE

Tensy andersins voorgeskryf, kan geen verordening van die Assosiasie verander of gewysig word nie en mag niks daaraan bygevoeg word, tensy minstens tweederdes (⅔) van diegene wat op ’n Algemene Vergadering teenwoordig is, dit aanneem nadat daar 10 werksdae vooraf by wyse van ’n omsendbrief kennis van die voorgestelde verandering gegee en dit gespesifiseer is in die kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is nie.

24. <u>WYSIGING VAN DIE GRONDWET</u>

Geen bepalings van hierdie Grondwet mag verander of gewysig word nie, niks mag daaraan bygevoeg word nie en geen nuwe bepalings mag aangeneem word tensy driekwart (¾) van diegene wat op ’n Algemene Vergadering van die Assosiasie teenwoordig is, dit aanneem nadat daar 10 werksdae vooraf by wyse van ’n omsendbrief kennis van die voorgestelde verandering gegee en dit gespesifiseer is in die kennisgewing waardeur die vergadering byeengeroep is nie. Geen wysiging of byvoegings is van krag totdat dit ingevolge Sub-Artikel 101(3) van die Wet op Arbeidsverhoudinge no 66 van 1995 (soos gewysig), gesertifiseer is nie.

<u>PRESIDENT</u>: _____

<u>SEKRETARIS</u>: _____

<u>DATUM</u>: _____

AANHANGSEL“A” TOT GRONDWET – MBA GROTER BOLAND

1. Alle werkgewers in die Bou- en Verwante Nywerhede;

Vir die doeleindes hiervan beteken:

“Bou- en Verwante Nywerhede” sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigerwys te beperk, die nywerhede waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om geboue en bouwerke op te rig, te voltooi, op te knap, te herstel, te onderhou of te verbou en/of om artikels te maak vir gebruik by die oprigting, voltooiing of verbouing van geboue en bouwerke, hetsy die werk verrig, die materiaal voorberei of die nodige artikels gemaak word op die terreine van die geboue of bouwerke of elders, en omvat dit alle werk wat uitgevoer of verrig word deur persone in genoemde nywerheid wat betrokke is by die volgende ambagte of onderafdelings daarvan:-

ASFALTERING, wat die volgende insluit:-

Die bedekking van vloere of plat en/of skuins dakke, of die waterdigting of vogdigting van kelders of fondamente, hetsy met bereide roldakbedekking of asfaltvelle met geglasuurde of ongeglasuurde oppervlakke, hetsy met gebruikmaking van teer, macadam, neuchatel, limmer of enige ander tipe soliede of halfsoliede asfalt, mastiek of emulsieasfalt of- bitumen, wat óf warm óf koud aan sodanige dakke, vloere, kelders of fondamente aangewend word.

BEGLASING, wat die volgende insluit:-

Die sny en/of aanbring van alle soorte glas of dergelike produkte in die sponnings gevorm in hout of metaaldeure, -vensters, -rame of dergelike vaste toebehore, en alle werksaamhede wat daarmee gepaard gaan.

HOUTWERK, wat in die volgende insluit:-

Timmerwerk en fineerpaneelwerk, en die polering en skuur daarvan, houtbewerking, masjinering, draaiwerk, houtsnywerk, die bekleding van alle soorte dakke, die aanbring van klank- en akoestiekmateriaal, kruk, en asbes-isolasie, houtlakwerk, komposisie-plafonne en muurbedekking, die boor van gate en die aanbring van proppe in mure, die bedekking van houtwerk met metaal, blokkies- en ander bevloering, met inbegrip van bevloering met hout,

linoleum, rubberkomposisie, asfaltiese vloerbedekkings of kurk, en die skuur daarvan met skuurpapier, die bediening van ’n Mall en Biax- of dergelike tipe verplaasbare toller en meerdoelige sny-, afwerk- en poleermasjinerie, bekisting en/of die voorbereiding van vorms vir beton, hetsy die artikel wat gebruik word of nie; met dien verstande dat die lê van linoleum deur ’n verskaffer wie se vernaamste besigheid in die Kommersiële Distribusiebedryf is, uitgesluit is van hierdie omskrywing wanneer sodanige lêwerk gepaard gaan met die verkoop van sodanige linoleum en nie deel van die direkte koste vir die klant nie.

KLIPMESSELWERK, wat die volgende insluit:-
Klipkap- en klipbouwerk (ook die kap en bou van sier- en monumentklipwerk) betonnering en die aanbring of inbou van voorafgegiete of kunsklip of marmer, plaveiwerk, mosaiekwerk, prikking, muur- en vloerbeteëling, die bediening van ’n Mall en Biax- of dergelike tipe verplaasbare toller en meerdoelige sny-, afwerk- en ander klipwerk masjinerie, uitgesonderd klippoleermasjinerie, en die skerpmaak van klipmesselaars gereedskap, hetsy die artikel wat gebruik word, deur die persoon wat dit gemaak of voorberei het, in die gebou of bouwerk aangebring word of nie.

LAKPOLITOERING, wat die volgende insluit:-
Politoering met ’n kwas of kussinkie en bespuiting met ’n komposisiestof.

LOODGIETERSWERK, wat die volgende insluit:-
Sweissoleerwerk en sweiswerk, loodlaswerk, gasaanlêwerk, sanitêre en huisingenieurswerk, rioolwerk, kalfaatwerk, ventileerwerk, verwarmingswerk, die aanlê van warm en koue water, die installering van brandvoorkomingstoerusting en die vervaardiging en aanbring van alle plaatmetaalwerk, hetsy die artikel wat gebruik word, deur die persoon wat dit gemaak of voorberei het, in die gebou of bouwerk aangebring word of nie.

MESSELWERK, wat die volgende insluit:-
Betonnering en die aanbring van betonblokke, -blaaie of –plate, die beteëling van mure en vloere, die voegstryking van steenwerk, voegvulling, plaveiwerk, mosaïekwerk, voorwerk met leie, met marmer en met komposisiemateriaal, riool-lêwerk, leiwerk, pandekking en die sementkalfatering van erderiole.

METAALWERK, wat die volgende insluit:-

Die aanbring van staalplafonne, metaalvensters, metaaldeure, siermetaalwerk, metaalrame, metaaltrappe, en boumetaalwerk en die vervaardiging en/of aanbring van getrokke metaal en uitgedrukte metaal, hetsy die artikel wat gebruik word deur die persoon wat dit gemaak of voorberei het, in die gebou of bouwerk aangebring word of nie.

PLEISTERWERK, wat die volgende insluit:-

Modelleerwerk, modelmakery, vormmakery, die afwerking van gietsels volgens gietvorms, die maak en aanbring van gipsbordplafonne en veselpleister of ander komposisie materiaal, granoliet-, terrasso- en komposisiebevloering, komposisiemuurbedekking en polering, die bediening van ‘n Mall en Biax- of dergelike tipe verplaasbare toller en meerdoelige sny- en afwerkmasjienerie, voorafgegiete of kunsklipwerk, muur- en vloerbeteëling, plavei- en mosaiekwerk, plaatgaaswerk, akoestiekspuitwerk en alle prosesse wat gepaard gaan met die voltooiing van plafonne en mure, hetsy die artikel wat gebruik word, deur die persoon wat dit gemaak of voorberei het, in die gebou of bouwerk aangebring word of nie.

RUIT-IN-LOOD-WERK, wat die volgende insluit:-

Die vervaardiging en/of aanbring van ruite in lood en/of ander metaal en van reklameligte (uitgesonderd elektriese toebehore wat daarmee gepaard gaan) en die beglasing in verband daarmee.

SKRYNWERK, wat die volgende insluit:-

Die aanbring van alle houttoebehore en die vervaardiging van alle skrynwerkartikels wat met sodanige toebehore gepaard gaan, hetsy die artikel wat gebruik word, deur die persoon wat dit gemaak of voorberei het, in die gebou of bouwerk aangebring word of nie, met inbegrip van rakkaste, kombuiskaste of ander kombuisvastoebehore wat by die gebou hoort as permanente deel daarvan.

STAALWAPENING, wat die volgende insluit:-

Die aanbring van alle klasse staal of ander metaalsuile, leêrs, staalbalke of fynplaat, of metaal in enige ander vorm wat deel uitmaak van ‘n gebou of bouwerk.

VERFWERK, wat die volgende insluit:-

Versiering, muurplakking, glasuring, distempering, afwitting, kleurkalking, beitsing, vernissing, vlamskildering, marmering, bespuiting, spuitskildering, letterskildering, muurversiering en die gebruik van teer en die produkte daarvan, asook skuring met skuurpapier en alle werk ter voorbereiding vir voormelde werksaamhede, die afskuring (met skuurpapier) van mure en houtwerk, die vulling van baste in mure en die bestopverf van houtwerk.

WINKEL-, KANTOOR- & BANKUITRUSTING, wat die volgende insluit:-

Die vervaardiging en/of aanbring van winkelfronte, vensterafskortings, uitstalkaste, toonbanke, skerms en binnenshuise los en vaste toebehore.

2. Alle vervaardigers en/of handelaars wat gereedskap, masjinerie, toerusting, dienste en materiale wat vir die uitvoering van die bedryfwighede van die Bounywerheid noodsaaklik is, verskaf.

“Vervaardigers” en werkgewers betrokke by die volgende nywerhede:-

GLAS- & GLASWARE NYWERHEID, beteken:-

die nywerheid waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer word is in bedryfsinrigtings met die doel om een of meer van die volgende werksaamhede te verrig:

(a) die vervaardiging of smelt van glas;

(b) die produksie van artikels uit glas deur werkgewers en werknemers betrokke by enige van die werksaamhede bedoel in (a) hierbo;

(c) die versiering van glas of glasware, met inbegrip van buig of kleuring;

(d) die vervaardiging van veiligheidsglas, gelamineerde glas of enige ander saamgstelde materiaal waarvan glas die hoofbestanddeel uitmaak;

(e) die sny, versilwering, of afskuinsing van glas in standaardvorm vir spieëls, motorvoertuie, vensters, prentrame, tafelblaaie of ander dergelike doeleindes;

(f) die vervaardiging van mineraalwol, met inbegrip van veselglas, slakwol en rotswol en die vervaardiging van produkte van aaneenlopende veselglasfilament; en

(g) die produksie van isoleermateriale waarvan veselglas, slakwol of rotswol die hoofbestanddeel uitmaak, vervaardig deur werkgewers en werknemers betrokke by enige van die werksaamhede bedoel in (f) hierbo.

KERAMIEKNYWERHEID OF NYWERHEID, BETEKEN:-

die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer word is vir:

(a) die vervaardiging van een of meer van die volgende artikels, naamlik elektriese isolators of toebehore van porselein, erdegoed, pottebakkersware, oondware, sanitêreware met wit of gekleurde glasuur, laboratorium en badkamertoebehore, muur- of vloerteëls (uitgesonderd steengroefteëls) wat in die vervaardigingsproses verhard word deur dit in ’n oond te bak of enige ander verhittingsproses te laat ondergaan en wat vervaardig is uit klei of waarvan klei of enige ander hittevaste of isolerende mineraal, erts of materiaal of ’n verbinding van klei en sodanige ander mineraal, erts of materiaal die hoofbestanddeel uitmaak;

(b) die ekstrabeer, ontginning, winning of bereiding van die klei of hittevaste of isolerende mineraal, erts, of materiaal wat gebruik word by die vervaardiging van enige van die artikels in paragraaf (a) genoem, indien deur werkgewers wat by sodanige vervaarding betrokke is;

en omvat alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voorspruit.

KLAARBETONNYWERHEID, beteken:-

Die nywerheid waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is vir die vervaardiging van klaarbeton, die vervoer van klaarbeton na klante en die afvoer en pomp daarvan en dit omvat

bedrywighede wat gepaard gaan met die werksaamhede hierbo vermeld, maar dit omvat nie die gooi van beton *in situ* nie.

LAAGHOUTNYWERHEID OF DIE NYWERHEID, beteken:-

Die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om een of meer van die volgende produkte te vervaardig, naamlik laaghout, vineerhout, gevineerde bord, gelamineerde bord, spaanderbord of enige soortgelyke produk waarvan hout of bagasse die hoofbestanddeel vorm, en dit omvat alle werksaamhede wat met enigeen van voorgenoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit.

MATVERVAARDIGINGSNYWERHEID, beteken:-

sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking enigerwys te beperk, die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is met die doel om matte te vervaardig, óf in geheel, deur watter proses ookal, hetsy van natuurlike of mensgemaakte materiaal, van enige vorm mat en omvat dit alle werksaamhede wat daarmee in verband staan of daaruit voortspruit, en omvat dit ook die verkoop en verspreiding deur die vervaardiger van sodanige produkte, maar omvat dit nie matte of gedeeltes van matte wat geheel en al of gedeeltelik van plastiek vervaardig word nie indien die nie-plastiek gedeeltes deel vorm en plastiek die vernaamste funksionele deel uitmaak nie.

PLASTIEK

“Plastiek” beteken enigeen van die groep stowwe wat as ‘n essensiële bestanddeel ‘n organiese stof met ‘n groot molekulêre massa bevat of daaruit bestaan en wat, hoewel dit in die afgewerkte staat solied is, in die een of ander stadium van die vervaardiging daarvan geforseer is of geforseer kan word, d.w.s. deur vloei in verskillende fatsoene gegiet, gekalandeer, deurgedruk of gevorm is of kan word, gewoonlik deur die aanwending van slegs hitte of slegs druk van albei saam.

PLASTIEKNYWERHEID, beteken:-

die nywerheid betrokke by die vervaardiging van artikels of gedeeltes van artikels geheel en al of hoofsaaklik uit plastiek, maar dit omvat nie die

vervaardiging van die volgende artikels wat van plastiekbladmateriaal gemaak word nie: klerasie, sakke en hanksakke, stewels, skoene, oorskoene, stoffeeroortreksels en plastiekhortjies blindings.

SEMENTPRODUKTENYWERHEID, beteken:-

die nywerheid waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings met die doel om een of meer van die volgende artikels te vervaardig: stene, teëls, dakpanne, blokke, pilare, potte, pype, pyptoebehore, lugroosters of enige ander artikels waarvan sement of kalk of beide sement en kalk die vernaamste bindmateriaal uitmaak en wat nie verhard word deur dit in ‘n oond te bak of onderwerp word aan enige ander hitteproses nie, behalwe met die doel om die hardwording van die bindmiddel te bespoedig, en dit omvat alle bedrywighede wat met enige van voormelde werksaamhede gepaard gaan of daaruit voortspruit.

STEENGROEFNYWERHEID, beteken:-

die nywerheid waarin werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir:

a) die uitgrawe, ontginning en winning van klip en/of sand om dit op te gaar of vir enige ander doel;
b) die uitgrawe, ontginning of winning van leiklip
c) die vergruising, sifting of ander verwerking van klip of sand om dit op te gaar, of vir enige ander doel;
d) die vervoer van klip of sand of leiklip deur die steengroef self binne die steengroefgebied of vanaf die steengroef van die kliënt of ‘n spoorwegterminus;
e) die maak van klaarbeton, messelklei en gidspleister vir die doel om dit te verkoop aan kliënte, maar omvat dit nie die maak van sodanige klaarbeton deur ‘n kontrakteur vir eie gebruik nie;
f) die vervoer van klaarbeton na kliënte en die lossing daarvan; en

omvat dit die uitvoering van al die bedrywighede wat daarmee in verband staan of daaruit voortspruit.

SWAARKLEI- & VERWANTE PRODUKTENYWERHEID, beteken:-

die nywerheid waarin werkgewers en hul werknemers met mekaar geassosieer is in bedryfsinrigtings waar werknemers in diens is vir:

a) die vervaardiging van enigeen of meer van die volgende artikels (uitgesonderd keramiekwerke): bakstene, silikasandstene, kleiteëls, platblokke, hol blokke, vuurvaste produkte, vuurvaste erdepype, erdepyptoebehore, lugroosters, isoleerprodukte of enige ander artikels wat in die vervaardigingsproses verhard word deur dit in ‘n oond te bak of deur middel van enige ander hitteproses en wat van klei gemaak is of waarvan klei of enige ander hittebestande of –isolerende mineraal, erts of materiaal of ‘n kombinasie van klei en enige sodanige ander mineraal, erts of materiaal die hoofbestanddeel uitmaak;

b) die ekstraksie, ontginning, winning of bereiding van die klei of hitte-isolerende mineraal, erts of materiaal wat gebruik word by die vervaardiging van enige van die artikels in paragraaf (a) bedoel, indien onderneem deur werkgewers wat by sodanige vervaardiging betrokke is;

en dit omvat alle bedrywighede wat met enige van voormelde werksaamhede gepaard gaan of daaruit voortspruit.

VERVAARDIGINGSNYWERHEID, beteken:-

die nywerheid waar werkgewers en werknemers met mekaar geassosieer is vir die voorbereiding, vervaardiging, bottelering, toedraaiing of verpakking van:

a) verwe, muurkalk, vernisse, emaljies en lakvernis; en

b) kleurstowwe, dekverwe, vullers, stopverwe, verdunners en ink –

i) uitgevoer word deur ‘n vevaardiger van enige produk in a) genoem;

ii) gepaard gaan met die voorbereiding, vervaardiging, bottelering, toedraaiing of verpakking van die produkte in a) genoem; of

iii) uitgevoer word tesame met die voorbereiding, vervaardiging, bottelering, toedraaiing of verpakking van die produkte soos in a) genoem en sluit in

- die aflewering en verspreiding van die genoemde produkte aan ‘n depot van die vervaardiger af aan die perseel van ‘n groothandelaar of kleinhandelaar indien hierdie aflewering of verspreiding gedoen word deur dieselfde werkgewer wat hierdie produkte voorberei, vervaardig, gebottel, toegedraai of verpak het, en
- alle werksaamhede wat met enigeen van voornoemde bedrywighede in verband staan of daaruit voortspruit.

YSTER-, STAAL-, INGENIEURS- & METALLURGIESE NYWERHEID, beteken (behoudens die bepalings van enige afbakeningsvasstelling gemaak kragtens artikel 76 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956):-

a) die nywerhede betrokke by die produksie van yster en/of staal en/of legerings, en/of die verwerking en/of herwinning en/of affineringvan metale (uitgesonderd edelmetale) en/of legerings uit metaalskuim en/of skroot en/of residu’s;

b) die onderhou, vervaardiging, oprigting of montering, bou, verandering, vervanging of herstel van enige masjien, voertuig (uitgesonderd ‘n motorvoertuig) of artikel wat hoofsaaklik uit metaal (uitgesonderd ‘n edelmetaal) bestaan, of onderdele of komponente daarvan, en struktuurmetaalwerk, met inbegrip van staal wapeningswerk;

c) die vervaardiging van metaalgoedere hoofsaaklik uit sodanige yster en/of staal en/of ander metale (uitgesonderd edelmetale) en/of legerings, en/of die afwerking van metaalgoedere.